

Sondag 10 Maart

Skrifgedeelte: Josua 8:30-35

Fokusgedeelte: Josua 8:33

Die volk word herinner aan die Here se belofte van seën, maar ook straf!

Sien jy in jou gedagtes hierdie groot menigte daar tussen die twee massiewe berge (\pm 900m hoog)? Die een helfte regoor Gerisimberg, die ander regoor Ebalberg. Moses het vroeër gesê: “Wanneer die Here julle God julle bring in die land wat julle in besit gaan neem, moet julle die seën afkondig op Gerisimberg en die straf op Ebalberg” (Deut. 11:29).

En hier gebeur dit. Die Here was getrou. Hy het beloof dat Hy Josua sal lei en voorspoedig maak, terwyl hy nie links of regs van die wet van die Here afwyk nie (Jos. 1:7). Hy sou stede in hulle mag oorgee. Jerigo en Ai het reeds geval. Dankoffers word op 'n nuwe altaar aan die Here gebring. Nou ... herinnering aan die wet van die Here. Dit word neergeskryf – moontlik soos die Egiptenare op 'n witgeverfde klip by die altaar. Maar dit moet ook gehoor word, deur almal.

Waarom lees en hoor? Waarom die hele volk – leiers, vrouens en kinders, asook vreemdelinge tussen hulle? Omdat die Here sy volk algaande opgevoed het. Hulle moes Hom ken en sy wil verstaan. Die verbond was die grondslag van hulle verhouding. Hy het hulle uitgekies en Hom aan hulle verbind. Hy is hulle God, hulle is sy volk. In die verhouding was verantwoordelikhede. Die Here het seën beloof, wanneer hulle Hom alleen sou dien. Sou die Israeliete egter afvallig word deur afgodsdienste, sou nie seën nie, maar vloek op hulle wag.

Prediking met sigbare demonstrasie. Die stamme van Israel regoor die twee berge. Gerisimberg herinner aan die verbondseën, Ebalberg laat hulle die waarskuwings van straf onthou.

Maak jy ook tyd met jou gesin en gemeente wanneer die verbondsliefde in Jesus gehoor kan word? En waarskuwings oor straf vir ongeloof en volharding in sonde? Die Woord en sakramente spel dit duidelik uit. Doen dit!

Sing: Psalm 37-1:1, 14, 24

Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)